

INHOUDSOPGAWE

1. Voorsittersverslag
2. Finansiële state: 31 Desember 2021
3. Markinsig
4. Beleggings van die Fonds
5. Die Fonds se verstek-beleggingstrategie
6. Beleggingsopsies
7. Vroeë toegang tot aftreevoordele: "Tweepotstelsel"
8. Premietariefvermindering vanaf 1 September 2022: Goedgekeurde en ongoedgekeurde sterftedekking
9. Maak seker daar word na geliefdes omgesien
10. Sanlam se aftreefonds-webwerf en app (toep) – jou toegang tot SURF
11. Finansiële advies
12. Belangrike kontakbesonderhede
13. Bekendstelling van nuwe SURF-webwerf

NUUSBRIEF

SEPTEMBER 2022

1. Voorsittersverslag

Dat die wêreld moeilike tye beleef, is gewis. Om te spaar – of dit nou vir 'n noodfonds of vir aftrede is – kan eenvoudig na 'n saak van onmoontlikheid lyk. Ongeag hoe moeilik tye is, weet ons dat dit nou belangriker as ooit tevore is om te spaar.

Die Groeiportefeulje het ondanks moeilike marktoestande baie goeie langtermyn-opbrengste van 12% per jaar sedert aanvang behaal. Daar is besluit om die buitelandse blootstelling van die Groeiportefeulje tot 45% op te stoot, wat volgens die jongste wetgewing die maksimum is wat toegelaat word. Die groter buitelandse blootstelling sal tot 'n meer gediversifiseerde portefeulje lei en dus oor die lang termyn waarde tot die portefeulje toevoeg.

Die Fonds se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2021

is geoudit deur Ernst & Young, wat 'n ongekwalifiseerde ouditverslag uitgereik het. Die finansiële jaarstate is by die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien.

Ons sluit ook die jongste inligting oor die Nasionale Tesourie se voorstel omtrent vroeë toegang tot aftreevoordele hierby in.

Lees hoekom dit belangrik is om seker te maak dat daar na jou geliefdes omgesien word. Dan is daar ook goeie nuus oor 'n verlagings in die premietariewe van die goedgekeurde en nie-goedgekeurde sterftedekking in Afdeling 8.

Vriendelike groete

Prof Niel Krige
Voorsitter

2. Finansiële state: 31 Desember 2021

Die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2021 is aan die Oudit- en Risikokomitee van die Raad van Trustees voorgelê. SURF se eksterne ouditeure, Ernst & Young, het 'n ongekwalifiseerde ouditverslag uitgereik. Die Raad van Trustees het op aanbeveling van die Oudit- en Risikokomitee die finansiële state goedgekeur en die state by die FSCA ingedien.



3. Markinsig

Hoe het markte gevaar tot 30 Junie 2022?

Wêreldmarkte (opbrengste in hierdie afdeling is in Amerikaanse dollar)

Amerikaanse inflasie tot Mei 2022 (jaar tot jaar) het aan die hoë kant verras, op 'n geskiedkundige vlak van 8.6%, die hoogste vlak in 40 jaar. Daarom, en teen die agtergrond van sy huidige monetêre beleidsverskerpingsiklus, het die Amerikaanse Federale Reserweraad sy maatstafkoers in Junie met 0.75% verhoog, wat die totale verhoging vir die tweede kwartaal op 1.25% te staan bring. 'n Verhoging van Amerikaanse rentekoerse, veral wanneer die verhoging hoër is as wat verwag is, lei gewoonlik tot 'n versterking van die dollar, soos in Junie 2022 gebeur het. Die Europese Sentrale Bank (ESB) het in Julie 2022 met koersverhogings begin, nadat die ESB se maatstafrentekoers vir 'n aantal jare op 0% vasgemaak was.

Die eerste ses maande van 2022 word as die swakste sesmaande-tydperk in meer as 40 jaar beskou. Bloomberg se Indeks van Amerikaanse Staatseffekte het 'n opbrengs van -9.1% vir die jaar tot dusver op "risikovrye" Amerikaanse soewereine skuld getoon. Die vinnige styging in die Amerikaanse risikovrye koers (staatseffektekoers) plaas sterk afwaartse druk op waardasies van langertermyn-kontantvloei en bates in alle geldeenhede. Dit was die hoofrede vir die beduidende daling in die waardasies van internasionale aandele oor die jaar tot dusver. Afwaartse druk op verdienste van internasionale maatskappye word ook in aandeelpryse verdiskonteer, wat tot 'n verdere daling in waardasies gelei het.

Die MSCI Wêreldindeks van Alle Lande (ACWI) het met 20% gedaal vir die halfjaar tot Junie 2022. Die daling verteenwoordig 'n beermark, hoewel dit nie heeltemal so drasties was soos die aandeelmarkdaling van 2008 (meer as 50% vanaf die hoogste tot die laagste vlak) of die daling van Maart 2020 (meer as 30%) nie.

Plaaslike markte


In Mei 2022 het SA se oorkoepelende VPI-koers maand tot maand met 'n skokkende 0.7% gestyg, wat deur kos- en brandstofpryse opgestoot is. Dit het gelei tot 'n styging van 6.5% (jaar tot jaar) in die jaarlikse inflasiekoers, wat ver bo die styging van 6.1% is wat die mark verwag het. Die SA Reserwebank (SARB) het by die vergadering van sy Monetêre Beleidskomitee in Mei 2022 die repokoers met 0.5% verhoog. Na die kwartaaleinde het die SARB die repokoers met 0.75% tot 5.5% verhoog in Julie 2022. Verdere koersverhogings word vanjaar verwag, terwyl risiko's vir inflasie hoog bly, hoewel ekonomiese groei steeds kommer wek.

Die FTSE/JSE Beperkte SWIX het 'n opbrengs van -7.5% vir Junie 2022 aangeteken, en gedurende die tweede kwartaal met 10.6% gedaal. Die Suid-Afrikaanse aandeelmark het vir die jaar tot dusver redelik goed gevaar (4.6% laer in ZAR) in vergelyking met die MSCI ACWI (18.2% laer) en die MSCI Indeks van Ontluikende Markte, wat in ZAR 15.3% laer is vir die jaar tot dusver.

Vir Junie 2022 was hulpbronne en finansiële aandele onderskeidelik 16.3% en 13.3% laer, terwyl nywerheidsaandele 'n positiewe opbrengs van 0.9% kon aanteken. Dit was danksy sterk prestasie deur Naspers en Prosus (onderskeidelik +38.1% en +30.1%) na die aankondiging dat hulle 'n oop aandeel terugkoopprogram gaan begin wat met die verkoop van 'n deel van hul Tencent-aandele befonds sou word.

Die tabel hieronder toon die opbrengste van groot indekse in SA rand, oor verskillende metingstydperke tot 30 Junie 2022.

Groot indekse se opbrengste oor tydperke van tot 5 jaar




4. Beleggings van die Fonds

Groeiportefeulje

Die Groeiportefeulje bestaan uit 'n plaaslike sowel as 'n buitelandse komponent. Die plaaslike komponent is in gelyke dele tussen die volgende beleggingsbestuurders verdeel: Allan Gray, Coronation en Ninety One. Neem asseblief kennis dat verskille in die bestuurders se beleggingsopbrengste van tyd tot tyd veranderings in toewysings aan bestuurders meebring. Die buitelandse komponent word deur Willis Towers Watson bestuur.

Die samestelling van die Groeiportefeulje was op 30 Junie 2022 soos volg:



Hoe het die Fonds se portefeuljes gevaar tot 30 Junie 2022?

Die tabel hieronder gee 'n opsomming van die opbrengste (na aftrekking van fooie) van SURF se portefeuljes tot 30 Junie 2022:

Portefeulje	Aanvangsdatum/ Begindatum van verslagdoening	Opbrengs oor 12-maandetydperk	Opbrengs oor 36-maandetydperk (p.j.)	Opbrengs oor 60-maandetydperk (p.j.)	Opbrengs sedert aanvang (p.j.)	Inflasie (VPI) sedert aanvang (p.j.)
Groei	01/04/2009	3.7%	8.7%	7.9%	12.0%	5.1%
Aggressiewe Absolute	01/02/2017	7.6%	11.1%	9.4%	9.2%	4.8%
Konserwatiewe Absolute	01/02/2017	5.6%	8.8%	8.3%	8.5%	4.8%
Kapitaalbeskerming	01/04/2009	5.4%	6.2%	7.1%	7.2%	5.1%
Shari'ah	01/12/2017	3.7%	6.3%	-	6.3%	4.8%
Inflasie (VPI)		7.4%	4.8%	4.7%		

Hoewel dit nie in die tabel hierbo verskyn nie, het die Inflasiegekoppelde Effekteportefeulje oor die jaar en nege maande, vanaf sy aanvang tot die verslagdatum, 'n opbrengs van 13.2% p.j. behaal.

Dit is noemenswaardig dat die eenjaar-opbrengste van die verskillende portefeuljes redelik laag was, wat die swak prestasie van die meeste bateklasse oor hierdie tydperk weerspieël.

Die Groeiportefeulje het baie goeie opbrengste oor die langer termyn behaal, en 'n reële opbrengs van 6.9% p.j. sedert aanvang. Die Beleggingskomitee het besluit om die buitelandse blootstelling van die Groeiportefeulje tot 45% te verhoog, wat die maksimum toegelate buitelandse blootstelling is volgens Valutabeheer-omsendbrief Nr. 10/2022, wat met ingang van 23 Februarie 2022 uitgereik is. Die Beleggingskomitee meen die Groeiportefeulje se groter buitelandse blootstelling sal tot 'n meer gediversifiseerde portefeulje lei en dus oor die lang termyn waarde tot die portefeulje toevoeg. Die verhoging van die portefeulje se buitelandse blootstelling tot die maksimum kan ook beskou word as 'n skans teen moontlike swak uitkomst in Suid-Afrika. Die rand word egter as een van die wisselvalligste geldeenhede beskou en hierdie besluit kan tot groter onstabiliteit van die portefeulje oor die kort termyn lei. Die verhoging van die portefeulje se buitelandse blootstelling sal oor die volgende ses maande ingefaseer word.

Die Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje het 'n uitstekende reële opbrengs van 6.3% p.j. oor die driejaar-tydperk behaal, en 'n reële opbrengs van 4.4% p.j. oor die tydperk sedert aanvang (vyf jaar en vyf maande). Dit is 'n uitstekende uitkoms oor hierdie tydperk, teen die agtergrond van strawwe marktoestande. Dit is noemenswaardig dat die Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje die Groeiportefeulje oor die een-, drie- en vyfjaar-metingstydperke oortref het (7.6% vs 3.7% oor die jaartydperk; 11.1% p.j. vs 8.7% p.j. oor die driejaar-tydperk; en 9.4% p.j. vs 7.9% p.j. oor die vyfjaar-tydperk).

Die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje het ook 'n uitstekende reële opbrengs van 4.0% p.j. oor die driejaar-tydperk behaal, en 'n reële opbrengs van 3.7% p.j. oor die tydperk sedert aanvang (vyf jaar en vyf maande).

Die Kapitaalbeskermingsportefeulje het 'n reële opbrengs van 2.1% p.j. sedert aanvang aangeteken. Oor die jaartydperk het die portefeulje 'n opbrengs van 5.4% behaal, wat 2% laer as die inflasiekoers oor dieselfde tydperk is. Die portefeulje se vermoë om die teiken reële opbrengs van 1.5% p.j. te behaal, maak daarop staat dat die SA Reserwebank 'n reële opbrengs-gerigte monetêre beleid volg.

Die Shari'ah-portefeulje het oor die tydperk sedert aanvang 'n reële opbrengs van 0.9% p.j. aangeteken.

Vir meer inligting omtrent al die opbrengste wat deur die onderliggende portefeuljes behaal is, besoek gerus <http://www.retirementfundweb.co.za>.

Totale Onkosteverhouding (TOV) vir die jaartydperk geëindig 30 Junie 2022

Die geraamde Totale Onkosteverhouding (TOV) vir die Groeiportefeulje is 0.75% p.j. Die geraamde TOV's vir die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes is elk 0.85% p.j.

Die TOV is 'n geannualiseerde waarde (tipies gemeet oor 'n deurlopende driejaartydperk of sedert aanvang, en uitgedruk as 'n %) en sluit die volgende in:

Jaarlikse batebestuursfooie, batebestuurderprestasiofooie (as daar is), bankkoste, ouditfooie, belasting (bv. BTW), bewaarder- en trusteefooie, en koste in verband met die uitleen van sekuriteite (as daar is).

5. Die Fonds se verstek-beleggingstrategie

Die Fonds bied jou 'n verstek-lewensfasebeleggingsportefeulje waar jou geld tot en met ses jaar voor die normale aftreedatum in die Groeiportefeulje belê word. Jou geld word dan outomaties uit 'n hoëgroei-/hoërisiko- in 'n laegroei-/laerisiko-portefeulje ingefaseer gedurende die tydperk tot die normale aftreedatum.

Volgens dié strategie word die fondskrediet vanaf 1 Januarie in die jaar waarin die lid 60 jaar oud word, uit die Groeiportefeulje na die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes oorgeplaas. Die geld sal in gelyke dele by wyse van 25 kwartaalike skuiwe oorgeplaas word, sodat die fondskrediet op die normale aftreedatum in gelyke dele (50/50) in die twee Absolute Opbrengsportefeuljes gehou word.

Die lewensfase-strategie word hieronder grafies verduidelik:



Nota: 65 – Normale Aftreeouderdom

As jy 60 word in 2023, sal jy in Oktober 2022 kommunikasie van SURF ontvang in verband met jou opsies.

6. Beleggingsopsies

Afgesien van die verstek-beleggingstrategie, bied SURF ook ander beleggingsopsies aan lede vanaf ouderdom 53.

As jy besluit om die Beleggingskeuse-opsie uit te oefen, kan jy vanaf ouderdom 53 kies om jou fondskrediet in die volgende portefeuljes te belê:



Let wel: Hierdie model is geskik vir lede wat gemaklik voel oor beleggingskonsepte, en om hul eie beleggingsbesluite te neem. Jy word aangeraai om finansiële advies by 'n gesertifiseerde finansiële adviseur in te win voordat jy jou beleggingskeuse uitoefen of tussen portefeuljes omskakel.

SURF bied ook aan lede wat hul fondskrediet volgens Islamitiese beginsels wil belê, die keuse om in die Old Mutual Albaraka Balanced Shari'ah Portfolio te belê. Lede wat kies om in die Shari'ah-portefeulje te belê, kan nie aan die lewensfase-beleggingstrategie deelneem nie. Lede kan egter op enige tydstip uit die Shari'ah-portefeulje teruggaan na die lewensfase-beleggingstrategie.

7. Vroeë toegang tot aftreevoordele: "Tweepot-stelsel"

Die Nasionale Tesourie het vanjaar se konsep-wetsontwerp op Belastingwette vrygestel, wat tot 29 Augustus 2022 oop was vir kommentaar. Vir werkende Suid-Afrikaners is vroeë toegang tot aftreevoordele (die sogenaamde tweepot-stelsel) van belang in die konsep-wetsontwerp.

Die voorgestelde implementeringsdatum volgens die voorstelle is **1 Maart 2023**, hoewel dit optimisties lyk, omdat aftreefondse sowel as die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ingrypende stelselveranderinge sal moet aanbring.

Die voorstel is dat al jou bydraes tot aftreefondse waaraan jy behoort (pensioenfondse, voorsorgfondse, bewaringsfondse en/of uitree-annuïteitsfondse) vanaf 1 Maart 2023 aan twee verskillende "potte" toegewys word – 'n aftreepot en 'n spaarpot. Hoogstens 1/3 van bydraes kan na die spaarpot gaan, waartoe jy vroeë toegang sal kan kry. Minstens 2/3 van die bydraes sal in die aftreepot geplaas word. Geen onttrekkings sal uit die aftreepot aangegaan kan word nie. Wanneer jy uit diens bedank, sal jy nie toegang tot die aftreepot hê nie, maar die voordeel moet bewaar en dit moet gebruik om vir jou 'n maandelikse pensioen by aftrede te gee.

Vir bestaande lede sal 'n derde "pot" geskep word vir die beskerming van hul regte ten opsigte van hul voordeel in die fonds voordat die wetgewing in werking tree. Hierdie gevestigde pot sal die geld in jou aftreefondse/e soos op 28 Februarie 2023 wees. Geen verdere bydraes kan tot die gevestigde pot gelewer word nie, behalwe in die geval van lede van voorsorgfondse wat op 1 Maart 2021 reeds 55 of ouer was.

Die huidige bedeling wat voor 1 Maart 2023 van krag is, sal nog van toepassing wees ten opsigte van die gevestigde pot, wat beteken dat lede toegelaat sal word om die voordeel by bedanking uit diens te ontvang.

Kortliks sal dit soos volg werk:

	Gevestigde pot	Spaarpot	Aftreepot
Hoeveel van my aftreegeld sal in elke pot geplaas word op die implementeringsdatum ?	Alle bydraes tot 28 Februarie 2023 sal na die gevestigde pot gaan.	Daar sal aan die begin geen geld in die spaarpot wees nie.	Daar sal aan die begin geen geld in die aftreepot wees nie.
Na watter pot gaan my aftreefonds-bydraes?	Geen bydraes sal na 1 Maart 2023 in hierdie pot geplaas word nie, behalwe vir lede wat op 1 Maart 2021 reeds 55 of ouer was.	Hoogstens 1/3 van jou bydraes na 1 Maart 2023 sal in die spaarpot geplaas word (beperk tot die belastingaftrekbare gedeelte).	Minstens 2/3 van jou bydraes sal na die aftreepot gaan, plus enige bydraes wat jy lower bo 27.5% van jou belasbare inkomste of R350 000.
Wat kan ek onttrek voordat ek diens verlaat?	Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan nie.	Minstens R2 000 per jaar kan onttrek word.	Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan nie.
Wat kan ek onttrek wanneer ek voor aftrede diens verlaat?	Jy kan die volle saldo onttrek.	Jy kan die volle saldo onttrek.	Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan nie.
Wat kan ek onttrek (in kontant ontvang) wanneer ek uit diens aftree?	Jy kan onttrekkings aangaan volgens die reëls van toepassing voor die effektiewe datum. Dit sal dus afhang van of jy 'n lid van 'n pensioenfonds of 'n voorsorgfonds was.	Jy kan die volle saldo onttrek.	Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan nie.
Hoe sal ek belas word?	In ooreenstemming met die huidige belastingbedeling.	Enige onttrekkings uit hierdie pot sal volgens die LBS-tabelle belas word.	Jou maandelikse pensioen sal as inkomste ooreenkomstig die LBS-tabelle belas word.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat geen vroeë toegang uit enige van die potte op 1 Maart 2023 moontlik sal wees nie. Jy sal uit die 1/3 van jou maandelikse bydraes eers 'n saldo in jou spaarpot moet "opbou". Eers wanneer daar meer as R2 000 in die spaarpot is, kan 'n onttrekking aangegaan word, maar slegs een keer per jaar.

Volgens mediaverslae het sommige vakbonde egter hierdie voorstel as onvoldoende verwerp, en hulle wil hê dat die konsepwetsontwerp vir onmiddellike verligting vir beleërde werkers voorsiening maak wanneer dit in Maart 2023 in werking tree, en nie net op toekomstige bydraes van toepassing moet wees nie. Die Nasionale Tesourie glo egter dat werkers se finansiële posisie nou nie so benard is as toe die Covid-19-pandemie op sy ergste was nie, en dat die behoefte aan verligting dus nou nie so groot is nie.

Jy sal op hoogte gehou word van enige besluite oor die finalisering van die voorstelle.

8. Premietariefvermindering vanaf 1 September 2022: Goedgekeurde en nie-goedgekeurde sterftedekking

Goeie nuus vir lede!

Hou dop vir 'n kommunikasie insake die besparing op risikopremies.

Momentum het ingestem om die premietariewe vir die versekerde gade- en kinderpensioendekking in SURF en die nie-goedgekeurde US Groeplewenskema met ingang van 1 September 2022 met 10% te verminder. Gaan jou betaalstrokie teen einde September 2022 na.

9. Ensuring loved ones are taken care of

Goedgekeurde sterftedekking – Gade- en kinderspensioendekking

As jy 'n enkellid is wat nie 'n gade en/of kinders het nie, kan jy kies om nie die versekerde gade- en kinderspensioendekking in SURF te kry nie.

Indien jy die opsie uitoefen om geen versekerde sterftevoordeel in SURF te hê nie, en **later** wel **trou en/of kinders kry**, sal jy die versekerde sterftevoordeel in SURF moet kies om te verseker dat daar na jou gade en/of kinders se behoeftes omgesien word indien jy te sterwe kom.

Indien jy nie die voordeel kies nadat jy getroud is en/of 'n kind gebore is nie, en te sterwe kom, sal jou gade en/of kinders nie die gade- en kinderspensioene ontvang nie en in 'n benarde finansiële posisie gelaat word.

Kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum by +27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za vir meer inligting oor hoe om hierdie opsies uit te oefen.

Nie-goedgekeurde groeplewensversekeringsdekking

Dit is belangrik om jou begunstigdebeneemingsvorm vir die nie-goedgekeurde groeplewensdekking op datum te bring wanneer daar ook al 'n lewensveranderende gebeurtenis plaasvind – soos egskeiding, die geboorte/aanneming van 'n kind of die dood van 'n benoemde.

Veranderings aan die Versekeringswet (Wet 18 van 2017) vereis dat nie-goedgekeurde sterftedekking direk aan begunstigdes uitbetaal word ooreenkomstig die oorlede lid se begunstigdebeneemingsvorm. Waar 'n minderjarige kind benoem word om voordele volgens die nie-goedgekeurde groeplewenskema te ontvang, sal die voordeel aan die kind se ouer of wettige voog, of aan 'n trust betaal word indien die lid/ouers so aangedui het.

Indien die oorlede lid **nie** 'n begunstigde benoem het nie, of waar die benoeming ongeldig is, moet die versekeraar die voordeel aan die oorlede lid se boedel betaal. Dit is nie ideaal nie, omdat dit sal beteken begunstigdes moet dan die lang en duur proses onderneem om die bestorwe boedel by die Meester van die Hoë Hof aan te meld vir beredding, wat die aanstelling van 'n eksekuteur insluit. Die eksekuteur moet dan 'n distribusierekening opstel wat geadverteer moet word en ter insae beskikbaar moet wees. Hierdie uitgerekte proses kan vermy word indien lede hul begunstigdes duidelik identifiseer deur die beneemingsvorm in te vul.

Kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum by +27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za vir meer inligting oor hoe om jou begunstigdebeneemingsvorm op datum te bring.

10. Sanlam se aftreefonds-webwerf en app (toep) – jou toegang tot SURF

Ons moedig jou aan om op Sanlam se Aftreefonds-webwerf en die Sanlam-app (toepassing) te registreer om toegang te hê tot jou persoonlike besonderhede, en ook die beleggingsportefeulje-opbrengste en jou huidige fondskrediet te sien – alles met die klik van 'n knoppie, 24/7. Jy sal ook al jou versekerings- en spaarprodukte by Sanlam via een portaal kan nagaan.

Hoe kry ek toegang tot die aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web)?

- Besoek www.sanlam.co.za. Klik op *Login* (bo regs) en kies *Secure Services*.
- Kies *Register* en gebruik jou fondslidmaatskapnommer (wat op jou voordeelstaat verskyn) of jou identiteitsnommer.
- Bevestig jou selfoonnommer en e-posadres.
- Kies 'n gebruikerskode / gebruikernaam.
- 'n Tydelike wagwoord sal na jou selfoon gestuur word.
- Bewaar die webwerf as 'n gunsteling in jou blaaiër vir maklike toegang.

Gebruik hierdie tydelike wagwoord om toegang te kry. Verander die tydelike wagwoord, omdat dit slegs een keer gebruik kan word.

Hoe kry ek toegang tot die app?

Laai die **Sanlam My Retirement**-app af van Google Play Store of Apple App Store.

Gebruik jou gebruikerskode en wagwoord vir Sanlam Secure Services om toegang te kry tot jou SURF-inligting.

11. Finansiële advies

Ons herinner jou dat SURF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede bied. Lede van 53 en ouer het toegang tot hierdie diens. Veral lede wat vroeë aftrede oorweeg en individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om hierdie adviesdiens te benut.

Die paneel van voorkeurdiensverskaffers bestaan uit:

Alexander Forbes Finansiële Beplanningskonsultante:

+27 (0) 21 809 3750 | wesselsw@forbes.co.za

Efficient Wealth:

+27 (0) 21 914 8030 | andrew@efw.co.za

FinFocus:

+27 (0) 21 861 7000 | usafadvies@finfocus.co.za

Graviton:

+27 (0) 21 883 9192 | arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies:

+27 (0)21 947 1028 | hanlie.wethmar@sanlam.co.za

SURF sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdiensverskaffers betaal. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een in die 12-maande voor aftrede.

Dis maklik om die voordeel te gebruik – volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kontak die MH Kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 | sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te kry.
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

12. Belangrike kontakbesonderhede

As jy meer inligting oor SURF nodig het, kan jy met die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die voordeelkonsultant in verbinding tree.

Kontak die hoofbeampte indien jy enige klagtes oor SURF het.

Hoofbeampte	Japie Kotzé Tel: +27 (0)21 808 2754 E-pos: jjsk@sun.ac.za
Inligtingsbeampte	Japie Kotzé Tel: +27 (0)21 808 2754 E-pos: jjsk@sun.ac.za
Voordeelkonsultant	Alfreda April Tel: +27 (0)21 912 3316 E-pos: alfreda@simekaconsult.co.za
Vergoedings- en Voordele-afdeling	Peter Kirsten Tel: +27 (0)21 808 3740 E-pos: pkirsten@sun.ac.za / sun-e-hr@sun.co.za
Pensioenfondsberegter (PFB)	E-pos: enquiries@pfa.org.za Lede kan die PFB kontak indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede.

13. Launch of new SURF website

Binnkort beskikbaar...

Ons kry binnkort 'n splinternuwe baadjie! Die nuwe surf.co.za is ontwerp sodat jy aanlyn vinnig inligting oor SURF kan opspoor en aan die gang kan kom. Die nuwe SURF-webwerf sal binnkort bekend gestel word.